
**FOCUS**



Mr Jack

## IDASA staffer target of threats

Pro Jack, IDASA's regional co-ordinator in the Western Cape, has been the target of what appears to be an on-going campaign of terror.

Over the past three months, Mr Jack's home in Nyanga has been shot at, his car was vandalised on two occasions and he had a narrow escape when the nuts on a wheel of his car were loosened.

These incidents follow a series of approaches made to individuals in December and January to assist with "trapping" Mr Jack, who says the people concerned were offered "all sorts of glittering things" by those who apparently want to cause him some physical harm. Threats were made on the lives of his children and family as well.

During January, he was also chased on a number of occasions by persons driving cars without registration numbers.

Mr Jack held executive positions in organisations like the Western Cape Civic Association and the Nyanga Youth League before joining IDASA in July, 1987.

He says he has "no enemies in the townships" and adds that the campaign which is being waged against him will not deter him from working for a new society in South Africa.

## Hamba kahle David Webster!



Dr Webster

**THE tragic killing of Dr David Webster was a cruel reminder of the climate of violence which has all South Africans in its grip, Dr Alex Boraine, executive director of IDASA, has said.**

**In a statement issued at the time of Dr Webster's death, Dr Boraine said: "To take a stand for a clear alternative to the apartheid system is costly and David Webster has paid the ultimate price.**

**"His selfless commitment to a just and free South Africa will inspire many of us who mourn his death."**

**Dr Boraine said the staff of IDASA, who has worked closely with Dr Webster, pay tribute to him and express the hope that his ruthless killers will be apprehended without delay.**

# Aanvaarding van geweld as oplossing wek kommer

*"South Africans must be prepared to accept certain levels of discomfort, disruption and even violence in their everyday lives."*

*Generaal Constand Viljoen, 1984 (voormalige hoof van SA Weermag)*

IN dié proses van "aanvaarding" van geweld as 'n alledaagse verskynsel, sê die sosioloog Jacklyn Cock, mag sommige Suid-Afrikaners hulle vryheid, besittings en selfs hulle lewens verloor — en almal van ons kan ons menslikheid en die vermoë om "menslik" te reageer, inboet.

In 'n referaat oor politieke geweld in Suid-Afrika wat sy in April by IDASA se vroue-konferensie in Harare gelewer het, gee Cock 'n skokkende voorbeeld van die "verlies van menslikheid" of "verdierliking" wat reeds in die gemeenskap plaasgevind het. 'n Ooggetuie van 'n grusame moord in 'n township vertel in die hof hoe hy die oggend, nadat hy die uitgerekte lyding van 'n slagoffer van die "comrades" (wat stelselmatig met swaarde en messe doodgemaak is) aanskou het, doodnormaal ontbyt gaan eet het.

"Maar daar bestaan 'n werklike gevaar dat ons almal oorweldig sal voel deur die geweld in ons samelewing en dat ons ons sal onttrek in 'n soort oorlewings-mentaliteit," sê Cock. "Dit behels 'n emosionele narkose, 'n losmaak van ander en 'n terugtrekking van sosiale betrokkenheid na 'n private, defensiewe sfeer."

Sy voer aan dat Suid-Afrika beslis vasgevang is in 'n spiraal van repressiewe en rewolusionêre geweld. In die spiraal proses word geweld aanvaarbaar as 'n geregverdigde oplossing vir konflik.

"Die enigste oplossing vir die stygende spiraal van geweld is om die moed bymekaar te skraap om die oorsake daarvan aan te spreek."

Die enigste hoop vir vrede, sê sy, is 'n ingryping om die bose kringloop van strukturele, reaktiewe en repressiewe geweld te verbreek. As 'n beginpunt moet die materiële "ongelykheid" en onreg waarop ons samelewing gebou is, uitgeskakel word.

Selfs regeringswoordvoerders, sê Cock, gee toe dat daar 'n verband bestaan tussen geweld en ontbering (deprivation). Sy haal die Adjunk-Minister van Gesondheid, Dr M.H. Veldman, aan (Augustus 1988):

"If we are honest with ourselves we must admit that some of the violence which is seen in South Africa is due to frustration which a large majority of the population experiences because their expectations are not satisfied."

Cock sê ontbering opsigself is al gekonseptualiseer as 'n vorm van geweld, en "strukturele" geweld word gelykstel met diskriminasie en onreg.

Ongeveer 3 574 mense het sedert 1984 in voorvalle van politieke geweld in die land omgekom.

Sy verwys na die konflik in Suid-Afrika as 'n "low-level civil war" of "low intensity conflict" wat ook 'n teen-insurgensie strategie kan insluit. Laasgenoemde, sê sy, is 'n militêre strategie; 'n bloudruk om vryheidsbewegings te verslaan sonder om in 'n volskaalse konvensionele oorlog betrokke te raak. Dit behels die mobilisering van middele op politiese, ekonomiese en ideologiese vlak — en die mobilisering het reeds in Suid-Afrika plaasgevind.

Sy illustreer hoe die weermagtroepe gedurende die 1984-86 periode in hulle duisende — saam met die polisie, vigilantes en kitskonstabels — as agente van geweld in die townships opgetree het. Cock sê dat daar heelwat getuienis is dat die weermag in die periode geweld teen die inwoners van die townships oor die algemeen, en jong mense in die besonder, gebruik het. Dit was die arbitrêre en willekeurige aard van die geweld, veral, wat uiterste vrees gesaai het.

Sedert 1984 is die weermag toenemend gebruik in interne repressie-aksies: troepe is gebruik om agterstallige huurders uit hulle huise te sit ten einde die huur-boikot te verbreek; hulle het skool klaskamers beset om die skool-boikot te beëindig; hulle het stemlokale bewaak en klinieke binnegedring om gewondes te eien; verder is hulle ook gebruik om strand-apartheid in stand te hou, verskuiwings te ondersteun, demonstrasies te monitor en verset in tuislande te onderdruk.

Die twee hoofagente van "versetsgeweld" in Suid-Afrika is die 8-10 000 opgeleide vegters van die ANC se Unkhonto we Sizwe en die "comrades", wat hoofsaaklik uit werklose jeugdiges in die townships bestaan.

Die "comrades", sê Cock, het probeer om die beheer van die staat oor die townships te verbreek en het hulle skuldig gemaak aan verskeie politieke wreedhede in die naam van die vryheidstryd. Vermeende polisieverklikkers en meewerkers is verbrand en gestenig. Tussen 1984 en 1987 was daar byna 400 "halsnoer" moorde.

Onder die vorme van politieke geweld wat in Suid-Afrika aangetref word, noem Cock doodstraf, "death squads", sluipmoorde en verdwynings, wettige polisiemoorde, aanhouding sonder verhoor, marteling, brandstigting en gewapende aanvalle en halsnoer-moorde.

Cock sê die kenmerkende verskil tussen die sluipmoorde op aktiviste, binnelands en buitelands, en soortgelyke aanvalle op polisiemanne, is dat die skuldiges in die laasgenoemde kategorie gewoonlik verhoor word.

Sedert Augustus 1984 is sowat 51 000 mense aangehou, 70 persent van die totaal sedert 1960.

Cock sê 'n patroon het ook ontwikkel waarin burgerlikes, en nie veiligheidsmagte, die teikens van bomaanvalle geword het. Die Amerikaanse joernalis, Stephen Davis, het opgemerk dat die ANC se besluit om die verantwoordelikheid vir aksies na sy guerrillas oor te plaas en die voordele van noukeurige toesig op te sê, gelei het tot 'n groter moontlikheid van "tuisgemaakte soldate wat aanvalle doen in die naam van die ANC maar in stryd met ANC riglyne".